Rom12:2

Polsslag 16 Junie 2019

Gereformeerde Kerk Benoni

Saam verheerlik ons God deur voortdurende metamorfose.

VANDAG SE EREDIENSTE

09:00 OGGENDDIENS

Ds. Louis Buys

Skrifgedeelte: *Deut. 32:1-12 & :44-47*
Fokusverse: *Deut. 32: 11,12 & :45-47*
Tema: *Is ons geloofsvlerke sterk genoeg?*

18:30 AANDDIENS

Ds. Rynhardt Pretorius

Skrifgedeelte: *Jes 43:1-28*
Fokusvers: *Jes 43:8*
Tema: *Die Here ken jou hart!*

OUDERLING DIENSBEURTE	
Vandag	Erika Buma
Volgende week	Piet Bateman
TEESKINKBEURTE	
Vandag	Wyk E6 olv Chrissie Pretorius & Etresia Lombard
Volgende week	Hannes vd Linde & kinderhuis -span

HARTLIK WELKOM AAN ALLE LIDMATE EN BESOEKERS BY DIE EREDIENS. KOM GENIET GERUS 'N KOPPIE TEE / KOFFIE SAAM MET ONS NA DIE DIENS.

KOINONIA

MEELEWING:

- Ons meelewing gaan uit na Owen Shaw en sy gesin met die afsterwe van Owen se ouma. Ons dra hulle op in gebed vir vertroosting.

KOINONIA:

- Dorothy Kruger was Donderdag geopereer om haar galblaas te verwyder in die Charlotte Maxeke hospitaal. Ons bid haar 'n spoedige en volkome herstel toe.
- Pieter en Juan Kotze van Springs was in 'n motorongeluk. Ons is saam met hulle dankbaar dat hul slegs geringe beserings opgedoen het.
- Corrie van den Berg word Woensdag in die hospitaal opgeneem, en word Donderdag geopereer. Ons bid dat die operasie suksesvol sal wees.
- Rudi Bezuidenhout ontvang behandeling vir 'n aneurisme in sy aorta. Ons bid dat die behandeling spoedige beterskap sal bring.
- Ons is saam met Veronica Boshoff dankbaar dat die toetse wat gedoen is na haar operasie negatief vir kwaadaardigheid teruggekom het.

GELUKWENSING

- Ons het die voorreg om vanoggend getuies te wees van die bediening van die Heilige Doop van Reese Colyn, dogtertjie van Ryan en Annien Colyn. Baie geluk en sterkte en seën met die verbondsonderrig.

Gedeelde vreugde is dubbele vreugde; Gedeelde hartseer is halwe hartseer.
Deel met ons jou vreugdes, hartseer en pyn. Ons wil graag vir jou bid!
Stuur gerus 'n boodskap aan polsslag@gkbenoni.co.za of stuur 'n boodskap na 081 218 3048

Datums & geleenthede om te onthou!

OP DIE PROGRAM VIR HIERDIE WEEK 16 - 23 JUNIE 2019

DAG	TYD	GELEENTHEID	KONTAKPERSOON
Vandag	09:00 18:30	Oggenddiens Aanddiens	
Maandag	09:30	Rynpark 5 Bybelstudie	Adri Goede 083 654 4821
Dinsdag	08:30	Koördineringsvergadering	Ronel Ritchie 081 218 3048
Woensdag	10:00	Palmbyeenkoms	
Donderdag	18:30	Wyk F1 Bybelstudie vir jong werkendes/studente	
Vrydag	05:30	Manne gebedsgroep	Schalk van Eeden 082 561 9409
Sondag 23 Junie	09:00 18:30	Oggenddiens Aanddiens	

SOEK DIE BYBELVERS

9 Junie 2019 se antwoord: Romeine 16:5
" Groete ook aan die gemeente wat gereeld in hulle huis bymekaar kom. My groete verder ook aan my liewe vriend **Epenetus** , die eerste bekeerling vir Christus in die provinsie Asië".

Die volgende Bybellesers het korrekte antwoorde ingestuur:
Martie Gibson; Chrissie Pretorius; Una Steyn; Jan Lubbe; Anro van Zyl; Ben Venter; Klein de Kock; Elma Jansen.

Hierdie week: 16 Junie 2019
" ???????? , het as voog opgetree vir Hadassa , dit is Ester, die dogter
van sy oom, want sy was 'n weeskind. Die meisie was mooi, sy was baie mooi.
Na die dood van haar pa en ma
het ???????? haar as dogter aangeneem "
Vraag: Wie was Ester se voog en stiefpa?

Lees gerus Ester noem Ester se voog en stiefpa en noem die vers waar dit staan, en SMS die antwoord met jou Naam en Van na 082 873 3173.

VERJAARSDAE 16 - 22 Junie

BAIE GELUK AAN ALMAL MET HUL VERJAARSDAE VANDAG EN IN DIE KOMENDE WEEK!
MAG DIT 'N GESEËNDE LEWENSJAAR WEES.

DATUM	NAAM	KONTAK NO.
17/06	Annien Colyn Heinrich Jansen v Rensburg ☺ Marni Smit Petra Ligthelm ** Riaan Barnard	082 787 6261 083 462 6395 083 212 2858
18/06	Annetjie Yssel *** Chené van den Berg ☺ Jaco Euckerman	083 229 5351
19/06	Kees Norel *	079 525 6834
20/06	Jurjen Suurd Marius Steyn	082 873 3173 083 233 7353
21/06	Ria Kruger	084 829 4385
22/06	André van Tonder	082 553 9162

(☺ doop-l) (* 70 ≤ 79) (** 80 ≤ 89) (*** 90≤)

PALMBYEENKOMS 19 JUNIE OM 10:00.

Gaskunstenaar: Lu-Anel van Staden .
Kom geniet heerlike sop, sjerrie en broodjies.
Die byeenkoms gaan voort al is dit skoolvakansie.

KAN JY ONTHOU . . . . ???

In aanloop van die 10-jaar samesmelting-feesvieringe wat DV Saterdag 27 Julie plaasvind deel ons graag hierdie lekkerlees-artikels.

GEREFORMEERDE KERK BENONI-NOORD GEMEENTEKAMP 2006

Deur Joe Duvenage

Die langnaweek van 27 April tot 1 Mei 2006, of was dit 2007, het die doppers van Benoni-Noord afgesuiker na die Suidkus van Natal vir 'n gemeentekamp by die see. Met die opmerkings dat gemeentekamp nie lekker moet wees nie het die klomp baie vroeg afgeruk na Winkelspruit.
En was dit nie 'n lang reis nie. Nie minder as 4 groot ongelukke op die pad het die opgewonde groep se reis lank uitgerek. Maar die klomp doppers se gees vir die gawes van die gees kon nie gedemp word nie.
Die mooi blou t-hemde is net betyds vir die kamp afgelewer. Dit het 'n strandsambreel voorop gehad. Die tema van die kamp in die nek agter gedruk. (Gawes van die Gees). Gawe doppers; Dopper Gawes .
Daar is heerlik gekamp op die ACSV Kampterrein. Bybelstudie gehou en Psalms, Skrifberymings en liedere gesing.
Bybelstudies is afgewissel met speletjies en krieket op die strand.
Sondag se kerk was in die kerk by Gereformeerde Kerk Amanzimtoti in die Mooihawens ouetehuis van die Gereformeerde Stigting in Winkelspruit.
Uit die ou foto's het ons agtergekom dat die kinders van daardie kamp, 'n hele paar nou jeugmentors is waar hul gestalte gee aan die Kamptema : Gawe doppers; Dopper gawes!
Joe en Jonéne het nog 2 kampe gereël te Bothabelo by Middelburg (Mpumalanga) en Kaja Manzi te Bronkhorstspruit.

GK BENONI-NOORD SENIOR LIDMATE word Seders van Benoni-Noord

Deur Marié Kruger, in die kwartaalblad van Augustus 2000, "Diamant"

Op Saterdag 20 Februarie is geskiedenis gemaak in ons gemeente. Die susters het 'n oggendtee vir ons senior lidmate gereël. Ons het die oggend "Psalmnote vir Geloofsgenote" saam met Tineke en Tarina gespeel en dit sommer baie geniet.
Dr. Dick Steyn het by die geleentheid voorgestel dat die senior lidmate hulself organiseer. Die voorstel is met blydskap aanvaar, want die gedagte loop al 'n lang pad om een keer per maand gesellig bymekaar te kom. Aanvanklik het ons onsself die Orkes genoem n.a.v. die oggend se spanne: Siters, Liere, Harpe en Fluite.
Een lid is by elke tafel aangewys om 'n komitee te vorm. Hulle is: Sr B. Marais en brs. G. Hall, L. Kotze en B. v. d. Merwe.
Die wiele het dadelik begin rol en op 10 Mei het Danie Erasmus van Kemptonpark ons kom toespreek. Danie se voorstel was dat ons onsself die Seders noem. Die sederboom word 70 maal in die Bybel genoem. Dit is 'n beeld van skoonheid, mag en verhewenheid (Es. 31: 1 – 18). Dit is die vernaamste van alle bome (Rigt. 9: 15), God self het die seder aan die begin van die eeue geplant (Ps. 104: 16). Die hout van die seder is pragtig bruin van kleur en baie duursaam, omdat min insekte daarvan vreet. Dit brand sonder rook, gee 'n aangename geur en gee min as. So kan ons voortgaan om die seder te besing.
Hierdie Seders van Benoni-Noord kom toe weer op 14 Junie bymekaar en maak planne vir die toekoms. Daar word besluit om D.V. elke 3e Woensdag van die maand om 14:00 in die konsistorie saam te kuier. Daarna sing ons lekker saam: Wat van 'n Seder-koor? Die tee en kuier is natuurlik die geselligste. Die 19e Julie is gereël deur Louis en Rita Kotze. Marietjie Richter het 'n besonder interessante praatjie: "Pas jou oë op, jy het net twee daarvan", gelewer. Baie oulike hulpmiddels is ook aan ons gewys.

Liewe lidmaat van GK Benoni.

Die predikante doen graag huisbesoek by lidmate. Ons vra egter dat die gemeente kennis neem dat ons huisbesoek nie agtereenvolgens by al die wyke plaasvind nie, maar dat die volgende riglyne gebruik word om te bepaal waar daar huisbesoek gedoen word:

1. Wanneer lidmate 'n besoek versoek.
2. Wanneer die predikante bewus is van 'n beproewing of aanvegting (siekte, ens.).
3. Wanneer daar nuwe lidmate of intrekkers aanmeld.
4. Wanneer spesifieke lidmate aangespreek moet word.
5. Daar word probeer om ouer lidmate wel van tyd tot tyd te besoek.

Jy kan jou wyksleier, blokouderling, die kerkkantoor of die predikante direk nader as jy 'n besoek wil hê.
Groetnis in Christus.
Braam & Rynhardt

Ons gemeente is bevoorreg om baie bedienings te behartig. Hierdie werk word gedra deur ons lidmate se vrywillige offergawes.

GK BENONI BANKBESONDERHEDE :

BANK: ABSA
TJEK REK : 220 340 333
VERWYSING: Volle Naam, Van & Doel

Diens van Barmhartigheid

TOIBO

KOLLEKTES

KOLLEKTES VAN 2 JUNIE:

Diens van Barmhartigheid: R 7165
Pres. Paul Kruger kinderhuise: R 7697

KOLLEKTES VANDAG:

Kollekte in die banke: Diens van barmhartigheid
Deurkollekte: TOIBO

Deurkollektes vir 23 Junie: Kerkkas

PREDIKANTE:
dr. Braam Krüger
☎ 082 459 5636
ds. Rynhardt Pretorius
☎ 074 944 7769

ADMINKANTOOR:
Ma-Vr 09:00-14:00
Ina Bolt
☎ 011 849 2054
☎ 084 339 1136
inabolt@gkbenoni.co.za

WEBBLAD:
www.gkbenoni.co.za

FACEBOOK:
https://www.facebook.com/GKBenoni/

BERIGTE:
polsslag@gkbenoni.co.za

VRA JOU VRAE:
https://goo.gl/WFtT3F